



GROEIGROEP MATERIAAL

BUITENGEWOON

Jou gewone lewe maak
buitengewoon baie saak vir God.

BUITENGEWOON

Jou gewone lewe maak
buitengewoon baie saak vir God.

Buitengewoon

God het jou lief soos wat jy is, maar Hy het jou te lief om jou te los waar jy is!

Wat is dit wat jy die graagste wil hê moet in jou lewe gebeur?

Leef in die Lig...Leef in die waarheid... Die Here sê kyk vorentoe....

Leef met die wete en vreugde "Jahweh is my God"

Buitengewoon (Reeks boodskappe)

- Waarvoor vlug jy? - 16 Januarie 2022
- Waarna soek jy? - 23 Januarie 2022
- Waarvoor leef jy? - 30 Januarie 2022
-

Uit Sondag se boodskap – 30 Januarie 2022.

Daar is 'n vreemde verhouding tussen ons potensiaal en ons gewilligheid om daarmee voort te gaan. Die Here soek en vra gewilligheid (daar waar jy is) om te doen wat Hy jou voor roep.....

God wil nie net ore hê wat hoor nie, Hy wil lewens hê wat gewillig is

BUITENGEWOON

Jou gewone lewe maak
buitengewoon baie saak vir God.

Vraag: Dink bietjie biddend na oor die afgelope paar weke. Het jy nie dalk meermale vir God “ja” gesê en...op die ou end nee gedoen, met jou verskonings en redes nie?

Die Here stap eenvoudig nie by ons verby nie. Hy het ons te lief soos ons is, om ons te los waar ons is!

Vraag: Wat is dit wat jy die graagste wil hê moet in jou lewe gebeur, jou gewilligheid en die stappe wat jy moet/kan neem?

As ons terugkyk na die donker, seer, wegvlug tye in ons lewens..... dan sien en ervaar ons hoe God se goedheid “golf na golf na golf na golf” ons oorspoel het.....Hy was die heelyd met ons.....en dis in donker, wegvlug tye waar van ons grootste, diepste geestelike groei en leer plaasvind.....

Vraag: In ons gebede en gesprekke met die Here, vra mens vergifnis vir sonde in die algemeen of spesifiek?

Bekering het twee kante

- Die Here haal jou uit jou moeilike omstandighede; red jou; gee jou vrede; genees jou
- of die Here vra vrae (krap binne in jou waar dit nie jeuk nie)

God praat onvermoeid met ons. Hy gee nie moed op nie.

BUITENGEWOON

Jou gewone lewe maak
buitengewoon baie saak vir God.

Vraag: Lees Romeine 2:14-16. Watter rol speel ons daardie stem binne in ons in ons lewe? Is ons gewete (daardie stemmetjie) dieselfde as die (f)luister vd Heilige Gees?

Vraag: In Jona 3: 1-10 het God besluit om van sy ramp af te sien. Lees ook Psalm 40: 1-6. Sekere mense huldig die mening dat elke detail van ons lewe vooruitbepaal is. Wat dink julle?

Moeg om weg te hardloop.....nou kyk jy vorentoe

Lees Jona 4:1-11

Vraag: Mag mens kwaad word vir die Here?

Vraag: In 1 Petrus 2:23 word Jesus vals beskuldig, Hy het niks verkeerd gedoen nie, en mense beskuldig en behandel Jesus sleg. Dit moes Jesus seker ongelooflik seer gemaak het. Wat was Jesus se reaksie?

Sooooo, baie verskonings en redes.....wat sneeubal en buite beheer raak....en jou na gevaarliker plekke dryf, jouself en mense om jou seermaak.....jou laat uit mis op God se onverganklike liefde vir ons...

Maar die Here ken nie my storie nie...God sal verstaan en my vergewe....die Here moet verstaan hoekom die donker binne in my is, na wat met my gebeur het...hoekom die wraak in my is....ek vergelding gedagtes het...daardie persoon verdien dit....ens., ens..

BUITENGEWOON

Jou gewone lewe maak
buitengewoon baie saak vir God.

As julle ander hul oortredings vergewe, sal jul Hemelse Vader julle ook vergewe. Maar as julle ander mense nie vergewe nie, sal julle Vader julle ook nie jul oortredings vergewe nie (Matteus 6:14-15)

Vraag: Wie is die gevangene as jy nie vergewe nie?

Vraag: Is dit nodig dat die party wat die oortreding teen jou begaan het, hul oortreding teenoor jou erken en verskoning vra, sodat jy vergifnis kan gee?

Johannes 8:12, 32-34, Psalm 119:105

Vraag: Waarvoor leef jy....die Here wil vir jou 'n toekoms gee. Wat is die wonderlike sleutels (ankers) opgesluit in die teksgedeeltes wat die Here vir ons gratis aanbied?

Ons is gewone mense met gewone lewens, God kyk **BUITENGEWOON** na ons

Ek het jou lief met 'n onverganklike liefde (Jeremia 31:3)

Vraag:Maak pare van twee. Elke lid in die paar van twee, kry twee beurte om Jeremia 31:3 aan die ander lid te lees, en elke keer die klem onderskeidelik op 'n verskillende woord te plaas

BUITENGEWOON

Jou gewone lewe maak
buitengewoon baie saak vir God.

Kerk in Suid Visie

“Waar die Gees lewens en gemeenskappe verander”

.....Op 'n **BuitenGewoon InvloedRyke** manier deur jul groeigroep

Sluit af met gebed

*Hy het sy seun **Jesus Christus** gestuur om vir ons te sterf en ons los te koop*

*Bly in die wedloop - Die **Here wil jou gebruik** – jy is vir Hom kosbaar, jou werk is nie klaar nie!*

*Die goeie en die slegte nuus - **jou vestings** is NIE so sterk as wat jy gedink het nie*

BUITENGEWOON

Jou gewone lewe maak
buitengewoon baie saak vir God.

NOTAS
